


Enkele teoretiese en metodologiese implikasies van die sisteembenadering in die Kommunikasiekunde

H J Groenewald
M Pitout
L Nieuwmeijer

A SYSTEMS approach to the phenomenon of communication implies in many important respects a break with the traditional assumptions and principles of communication theories and research methodologies. There is increasing dissatisfaction among communicologists with the influence of positivism (and respectively reductionism) in Communication Science as in the case of the covering law model. Some of the most important theoretical implications such as holism, selfregulation, hierargical organization, adaptation and organized complexity are briefly discussed. Attention is also given to methodological implications of concepts such as information, message, group, rules and meaning.

Inleiding

Die kompleksiteit en die vlak van analise van kommunikasiegebeure spoor kommunikasiekundiges aan om voortdurend te besin oor benaderinge wat voldoen aan teoretiese en metodologiese vereistes. In die Kommunikasiekunde is die populariteit en die bruikbaarheid van die sisteembenadering duidelik merkbaar in die toename in die kwaliteit en kwantiteit van empiriese navorsing met hierdie perspektief as basis (Fisher, et al, 1977:231).



Hennie Groenewald

Omskrywing van die begrip en die fundamentele eienskappe van sisteme.

Hall en Fagan (1968:81) spesifiseer 'n sisteem as 'n stel objekte wat in 'n spesifieke verhouding tot mekaar en die attribute van elk van die

Dr. H. J. Groenewald is Senior Navorsingspesialis by die Instituut vir Kommunikasie-navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Mev. M. Pitout en L. Nieuwmeijer is onderskeidelik Navorsers en Senior Navorsers by IKOMM, RGN.

objekte staan. Veral omdat verhoudings geassosieer word met verbindings of kanale word die verhoudings tussen objekte soms met 'n netwerkdiagram aangedui. Meer onlangs het Heise (Monge, 1982:249) sisteme as netwerke van kousale verhoudings beskryf waarin baie verskillende veranderlikes met mekaar verbind is. Hierdie omskrywings is vir kommunikasiekundiges nuttig omdat kommunikasie die wyse is waarop die verbindings in sosiale of menslike sisteme tot stand kom.

Krippendorff (1977) onderskei tussen drie fundamentele eienskappe van sisteme wat dien om die entiteite te identifiseer en waarvolgens sisteme ook bestudeer kan word. Eerstens het sisteme, soos uit die omskrywing van Hall en Fagan blyk, 'n bepaalde struktuur omdat die sisteem bestaan uit 'n aantal interafhanklike komponente. Alle sisteme het tweedens 'n bepaalde funksie en hiervolgens is die vernaamste handeling van 'n kommunikasiesisteem sosiale kommunikasie. Laastens kan by alle sisteme 'n proses onderskei word wat verandering oor tyd tot gevolg het. Die proses dui op die dinamiese gebeure tussen die interafhanklike komponente.

Alternatiewe benadering tot die studie van kommunikasie

Sedert die begin van die sewentigerjare het in die V.S.A. 'n debat tussen sommige kommunikasiekundiges ontstaan oor 'n moontlike alternatiewe benadering tot die studie van die kommunikasieverskynsel (Monge, 1982). Hierdie debat was toegespits op die aanvaarbaarheid, al dan nie, van die oorkoepelende wetmatigheid (covering law), sisteem- en reëlsteorie as die beste wyse om die kommunikasieverskynsel te verklaar (Bornmann, 1980; Miller, 1978).

Oorkoepelende wetmatigheid is gebaseer op 'n positivistiese en reduksionistiese wetenskapsbeskouing terwyl reëlsteorie 'n meer normatiewe beskouing verteenwoordig. Die sisteembenadering, soos dit tans in die Kommunikasiekunde gebruik word, is nader aan die reëlsteorie as aan oorkoepelende wetmatigheid, hoewel daar ook heelwat verskille tussen kommunikasiekundiges voorkom (vgl. Krippendorff, 1975; Fisher, 1978, 1982; Penman, 1980; Monge, 1977, 1982). Die sisteembenadering is gegrond op 'n teoretiese perspektief

wat bekend is as die Algemene Sisteemteorie (Kriek, 1976).

Soewel reëls- as sisteemteoretici voer aan dat dit moontlik is dat oorkoepelende wette ontdek kan word vir bio-fisiese beweging en behavioristiese stimulus-respons patrone van gedrag by mense. Dit is egter onwaarskynlik dat sulke wette menslike handelinge enigins volledig sal verklaar. Mense oefen bv. bewuste keuses uit met bepaalde intensies, hulle is in staat om allerlei planne te beraam, konvensionele reëls te volg of praktiese argumente aan te voer vir hul planne en besluitneming. Wette om hierdie dinamiese handelinge te voorspel lyk onwaarskynlik gegewe die onvoorspelbaarheid van en die groot verskeidenheid menslike kommunikasiehandelinge. Verder is die moontlikhede van meganistiese wette ook teenstrydig met die dinamiese prosesmatige aard van die sosiale realiteit. Bornmann (1980:154) voeg by: "The process nature of communication implied some organismic metaphor characterized by dynamic and reciprocal interrelationships."

'n Menslike kommunikasiesisteem is per definisie altyd 'n relatiewe oop sisteem (Mortensen, 1972; Littlejohn, 1978; Fisher, 1975, 1978; Steyn, 1984). Slegs as 'n sisteem geslote is kan wetenskaplikes genoeg konsep- en proseswetmatighede ontdek om die toestand van die sisteem op 'n gegewe tydstip te beskryf of om die toestand van die sisteem op enige ander tyd te voorspel. Voorstanders van die sisteem- en die reëlsteorieë is dus baie krities teenoor hipoteties-deduktiewe teorieë en metodes om die kommunikasieverskynsel te verstaan (Bornmann, 1978).

Die sisteembenadering is reeds in die ses-tigerjare bekend gestel in die Kommunikasiekunde met die bekende werk van Watzlawick, Beavin en Jackson (1967): *Pragmatics of Human Communication*. Na aanleiding van hierdie werk verkies Fisher (1975, 1978a, 1982) om te praat van die pragmatiese perspektief. Laasgenoemde begrip word egter nie algemeen deur ander kommunikasiekundiges nagevolg nie.

Mettertyd het al hoe meer kommunikasiekundiges hulle tot die sisteembenadering gewend om die kommunikasieverskynsel te bestudeer (Fisher, 1978a, 1978b; Monge, 1973, 1977, 1982). In veral organisasiekommunikasie word die sisteembenadering baie

gebruik (Monge, 1982; Farace, *et al*, 1978; Glaser & Halliday, 1980).

Sisteembenadering

Om verskeie redes word die konsep *sisteembenadering* bo *sisteemteorie* verkies. Inderdaad bestaan daar nie 'n enkele teorie nie en bestaan die sisteembenadering uit bydraes wat wissel van die biologies-behavioristiese tot die kubernetika en die Informasieleer (Groenewald: 1979, 143). Fisher (1982, 198-199) sê hiervan: "As everyone probably knows, system theory is not a theory, except in the loosest sense of the term. Nor do system theorists agree on all elements or interpretations of system theory. System theory is so general (i.e. abstract) as to incorporate within its principles virtually every epistemology known to science. Often the whole of the system theory is confused with other models or epistemologies (e.g. cybernetics, structural-functionalism, information theory) that are related but, strictly speaking, central to system theory."

Ander wetenskaplikes, soos Farace *et al* (1975), stem nie met Fisher saam nie. Hulle stel strukturele-funksionalisme gelyk aan die sisteembenadering. Juis omdat laasgenoemde nie 'n enkele teorie is nie, is dit moeilik om 'n vergelyking te maak. Sisteem is egter 'n baie sentrale konsep in die funksionalisme, soos uit Jansen (1978) se bespreking van die funksionalisme duidelik blyk.

Fisher (1978) verklaar dat die sisteembenadering 'n multidisiplinêre samevoeging of vermenging van aannames, konsepte en beginsels is wat 'n algemene raamwerk probeer voorsien vir die studie van verskillende tipes verskynsels, bv. fisies, biologies en sosiaal. Die gedagte van 'n algemene sisteemteorie wat probeer om alle wetenskaplike ondersoeke onder een rubriek saam te vat, soos Ludwig van Bertalanfy (1973, 1975) dit oorspronklik bedoel het, is nie besonder gewild onder sosiaal-wetenskaplikes nie. Van die belangrikste redes hiervoor is dat die begrip sisteem nie sondermeer dieselfde betekenis het vir fisiese, biologiese en sosiale verskynsels nie.

Verder word belangrike fundamentele verskille tussen die sosiale en natuurwetenskappe sondermeer negeer. (Groenewald, 1979:143).

Selfs waar sosiale of kommunikasiesisteme ter sprake kom is daar verskille tussen weten-

skaplikes. Veral kommunikasiekundiges soos Krippendorff (1975), Monge (1973, 1977, 1982) en Fisher (1975, 1978a, 1978b, 1982) verskil van mekaar oor die aard, funksionering en die moontlikhede van die sisteembenadering in kommunikasieavorsing. Om dus in die stadium van die sisteemteorie in die Kommunikasiekunde te praat, is nie heeltemal korrek nie.

Teoretiese implikasies van die sisteembenadering

As 'n teoretiese raamwerk om die kommunikasieverskynsel beter te verstaan en te verklaar, hou die sisteembenadering belangrike implikasies in vir die Kommunikasiekunde as 'n sosiale wetenskap. Monge (1977:19) verklaar dat dit 'n belangrike imperatief is om te weet wat die voor- en nadele van verskillende teoretiese raamwerke is. "To make intelligent choices among the alternative positions it is critical to know the kind of knowledge generated by and the limitations inherent in each. It is important to ascertain what each theory assumes about human nature and therefore about the nature of human communication."

Om te bepaal wat die aard van kommunikasie is, soos gesien binne die raamwerk van die sisteembenadering, moet gekyk word na die belangrikste aannames van dié benadering en elkeen word kortliks bespreek.

Holisme en nie-optelbaarheid

Die sisteembenadering beklemtoon die niereduksionistiese verklaring van sosiale verskynsels. Sodanige analise is net 'n eerste stap omdat die funksionering van al die dele van die sisteem as *geheel* belangriker is as die verskillende dele daarvan (Fisher, 1982). In kommunikasieterme beteken dit dat die mededeler nie in isolasie van bv. die ontvanger(s) bestudeer kan word nie. Anders gestel: 'n mededeler is slegs 'n mededeler omdat daar 'n ontvanger is met wie hy of sy in 'n interafhanklike verhouding verkeer tydens die kommunikasie. (Hierdie beskouing sluit baie goed aan by die transaksionele siening van kommunikasie, Groenewald, 1979). Die sisteembenadering beklemtoon dat al die faktore in die kommunikasiesituasie bydra tot die "verstaan" van die gebeure. Volgens Watzlawick *et al* (1967) kan 'n sisteem nie beskou word as bloot die som

van die dele daarvan nie. 'n Formele analise van 'n kunsmatige gekose komponent, of slegs 'n paar komponente, sal die wese van die sisteem ongedaan maak en so 'n kursoriese analise is nie 'n getroue weergawe van die werklike gebeure nie. Fisher (1982:199) stel dit dat "The parts of the system are less important than the connectedness of the parts."

Oopheid

Sommige sosiaal-wetenskaplikes dink aan sisteme in digotomiese terme; òf as oop òf as geslote. Die mate van oopheid of geslotenheid is 'n kenmerk van elke sisteem. Kommunikasie veronderstel 'n sosiale sisteem en sodanige sisteem is altyd meer oop as geslote omdat die grense van 'n sosiale sisteem die uitruiling van informasie moontlik maak. Sosiale sisteme is daartoe in staat om nie alleen informasie te berg nie maar ook om dit te skep (Fisher: 1978b). Oop sisteme word gekenmerk deur *gelyke finaliteit* en die stand van sodanige sisteme op 'n gegewe tydstip is dus relatief onafhanklik van die rangskikking van die komponente van die sisteem. Verder word oop sisteme ook gekenmerk deur evolusionêre prosesse wat lei tot toenemende kompleksiteit. In hierdie soort sisteme is selfregulering moontlik en dus kan die sisteem by interne en eksterne veranderinge aanpas.

Selfregulering

Oop sisteme het die vermoë om hulself te reguleer en sodoende 'n belangrike aandeel daarin te hê om die uitkoms van die belangrikste funksies (aktiwiteite) self te bepaal. Regulering sluit terugvoering in, positief sowel as negatief. Hierdie terugvoering dien om afwykings in die sisteem of te versterk of teen te werk (Fisher, 1978b). Op hierdie wyse kan die sisteem sigself handhaaf in 'n veranderde omgewing. Elke kommunikasiesisteem is grootliks outonoom en word nie dikwels beïnvloed deur kragte van buite of die situasie waarin die sisteem verkeer nie. "The capacity of a system to generate its own information and create its own environment allows the system to set goals, to forecast whether it will achieve those goals, to change its functional states in order to achieve present goals, or even to change the goals established previously" (Fisher, 1982: 201). Monge (1977) wys daarop dat selfregu-

lering 'n belangrike faset van kommunikasieteorieë is, bv. die teorie van Watzlawick *et al.* (1967) en Katz en Kahn se teorie van organisasies.

Hiërargiese organisasie

Binne die sisteembenadering is supra- en subsisteme fundamentele konsepte. Visueel kan hierdie fasette voorgestel word as 'n oneindige reeks konsentriese sirkels waar elke sirkel omring word deur 'n ander en elke sirkel ook weer kleiner sirkels bevat. Elke sirkel verteenwoordig dan 'n sisteem met 'n suprasisteem en 'n aantal kleiner subsisteme daarin opgeneem. 'n Ondersoek kan op enige vlak onderneem word en observasies fokus dan op dië besondere vlak.

Vroeër is gestel dat 'n kommunikasiesisteem 'n sosiale sisteem is en hieruit volg dit dat sowel die supra- en subsisteme van kommunikasiesisteme ook sosiaal van aard is. Ofskoon daar verskille by kommunikasiekundiges bestaan oor die basiese sisteem (sommige soos Krippendorf, 1975 beskou die individu as die "kleinste sisteem") word Farace *et al.* (1977) se siening aanvaar dat die diade die primêre sosiale sisteem is in die bestudering van die kommunikasieverksynsel.

Aanpassing

Monge (1977) beskou aanpassing as 'n noodsaaklike kenmerk van kommunikasiesisteme. Sosiale sisteme, in teenstelling met organiese sisteme, het nie 'n vaste struktuur nie. Hierdie sisteme het veranderlike strukture en word, volgens Buckley (Steyn, 1984), gekenmerk deur 'n vermoë om hierdie strukture te verander. Monge (1977:21) voeg verder in hierdie verband by dat "... any description of a communication system such as traditional balance theories which accounts *only* for structural preservation is insufficient." 'n Meer volledige teorie moet ook daardie prosesse spesifiseer wat die redes is dat die sisteem moet verander. So 'n beklemtoning van verandering is nodig omdat dit die studie van kommunikasie as 'n komplekse en aanpasbare sosiale sisteem moontlik maak eerder as 'n statiese struktuur wat oor tyd voortgaan. Alle lewende sisteme, waaronder kommunikasiesisteme, groei en ontwikkel, gaan agteruit en disintegreer uit-

eindelik. Om die kommunikasieproses ten volle te verstaan vereis kennis van die verandering van die kommunikasiesisteem oor tyd.

Georganiseerde kompleksiteit

'n Laaste kenmerk van sosiale sisteme is die vlak van kompleksiteit of die differensiasie daarvan (Fisher, 1982). Van alle sosiale sisteme is kommunikasiesisteme besonder kompleks. Eerstens leen die relatiewe oopheid van die sisteem sigself nie tot deterministiese en liniêre verklarings van die kommunikasiever-skynsel nie. Die beginsel van gelyke finaliteit dui daarop dat dieselfde finale stand of uitkoms bereik kan word deur 'n verskeidenheid van aanvanklike stande. Tweedens dra die konsep van sistemiese funksionering by tot die kompleksiteit deurdat die fokus val op die verbinding (saamgevoegdheid) van die komponente van die sisteem op 'n gegewe tydstip (Fisher *et al.*, 1977). Data word dus in sisteemverband gedefinieer in terme van tydelemente of gebeure wat ook bekend is as stande van die sisteem. Sisteme ontwikkel in tyd van een stand tot 'n ander op 'n evolusionêre wyse. 'n Tipiese ontwikkelingspatroon by sisteme lei tot groter differensiasie (Fisher, 1982).

Indien hierdie, en ook ander fasette van die sisteembenadering, nie in ag geneem word by teorievorming van die kommunikasiever-skynsel nie, kan dit lei tot 'n simplistiese siening van sosiale kommunikasie. Die sisteembenadering het tot dusver meer as enige ander teoretiese benadering dit beklemtoon dat sosiale kommunikasie 'n besonder dinamiese en komplekse verskynsel is en dat die kommuniasiehandelinge die belangrikste fokus is indien daarop aangedring word dat kommunikasie 'n sosiale proses is.

Enkele metodologiese implikasies

Monge (1982) wys daarop 'n belangrike faset van die ontwikkeling van die sisteembenadering is dat dit varieer van 'n hoogs geformaliseerde tot 'n hoogs subjektiewe teoretiese raamwerk. Anders gestel varieer dié benadering van 'n hoogs kwantitatiewe en matematiese tot 'n dominante fenomenologiese benadering. Sonder twyfel lei hierdie verskille ook tot groot variasie in die metodes wat die voorstanders van hierdie benadering in hul navorsing gebruik.

Vroeër is reeds daarna verwys dat die sisteembenadering 'n alternatiewe metode is om die kommunikasiever-skynsel te bestudeer. Indien gelet word op die teoretiese implikasies kan dit gestel word dat die benadering besondere eise stel aan navorsing. Monge (1982: 258) sê hiervan: "... system researchers have utilized traditional research techniques to examine system hypotheses, a practice that is bound to fail since traditional research techniques are inherently incapable of revealing specific systems hypotheses. The conclusion should be clear: in order to test systems hypotheses it is necessary to utilize systems research techniques with which they are congruent." Om hierdie rede het sommige kommunikasiekundiges na statistiese modelle gaan kyk wat nie dikwels gebruik word nie soos bv. baananalises (path analysis) en Markov-kettings (Fisher, 1978b; Penman, 1980). Fisher (1975) meen ook dat die sisteembenadering vereis dat meer kwalitatiewe analise in die toekoms onderneem moet word.

Fisher (1975:195-196) kritiseer ook die algemeen aanvaarde navorsingspraktyke in die Kommunikasiekunde. Eerstens voer hy aan dat kommunikasie nie direk "waargeneem" word nie maar dat veranderlikes soos houdings, waardes, geloofwaardigheid en persepsies, om enkeles te noem, se effek op kommunikasie probeer bepaal word. Tweedens word kommunikasie beperk deur bepaalde manipulasies en kontrolemeganismes wat daartoe lei dat slegs 'n gedeelte van die werklike situasie na vore kom.

Derdens word die sentrale konsep van proses in die meeste navorsing eenvoudig geïgnoreer, soos veral uit netwerkanalises blyk.

Pearce *et al.* (1982) glo dat met die sisteembenadering 'n belangrike begin gemaak is met die ontwikkeling van 'n "nuwe" metodologie in die Kommunikasiekunde. Die redes hiervoor is 'n bevryding van die beperkende reduksionistiese aannames wat die vakwetenskap reeds lank oorheers, 'n direkte fokus op die strukture van sisteme en pogings om die onderliggende logika waarop die strukture funksioneer bloot te lê en laastens die herbeklemtoning van kousaliteit as 'n belangrike fokus vir die sosiaal-wetenskaplike. Met laasgenoemde aspek stem Monge (1973, 1977) en Fisher (1978a, 1978b) nie saam nie.

Monge (1977) het drie belangrike voordele van die sisteembenadering geïdentifiseer wat ook besondere implikasies het vir navorsingsmetodologie. Volgens Monge bestaan die teoretiese raamwerk uit 'n stel konsepte en verhoudings wat teoreties en logies verbandhoudend is. Verder laat die sisteembenadering die integrasie toe van kennis van 'n aantal uiteenlopende wetenskaplike benaderings. Laastens beskou hy die benadering as "ekonomies" omdat minder konsepte en teorieë hierby betrek word as by alternatiewe benaderings.

Enkele spesifieke implikasies van die sisteembenadering vir kommunikasie-navorsing word kortliks toegelig.

Inligting

In die tradisionele kommunikasie-navorsing word inligting as 'n objek beskou wat van een plek na 'n ander versend kan word. Die sisteembenadering sien inligting as iets wat geskep word binne die proses van kommunikasie. Inligting ontstaan deur die verhouding tussen die komponente van die sisteem eerder as 'n blote transmissie van een komponent na 'n ander (Fisher, 1978b).

So 'n beskouing is 'n radikale afwyking van die tradisionele opvatting van inligting as 'n materialistiese komponent en die meganistiese benadering in die sosiale wetenskappe onder die invloed van die natuurwetenskappe. Die sisteembenadering is dus nie so analities ingestel nie en kan bepaalde voordele inhou. Cavallo (1979:6) se verduideliking gee meer lig op dié aspek: "Succeeding centuries have found that the advances attributable to the analytical method have led many — sometimes implicitly, often quite explicitly — to promulgate the position that this method and associate mechanistic explanations were the only way to true knowledge."

Boodskap

Ofskoon die tradisionele beskouing dat die boodskap die sentrale konsep in die studie van die kommunikasieverskynsel is lank reeds nie meer aanvaar word nie, is die ontledings van boodskappe steeds van groot belang in kommunikasie-navorsing. Fisher (1978a) het in sy bespreking van die konseptualisering van die boodskap (as sein, strukturele vorm, sosiale invloed, interpretasie, refleksie van die self)

daarop gewys dat boodskap sy besondere bruikbaarheid in die verstaan van kommunikasieverskynsels moes afstaan aan konsepte soos handeling en verhoudings. In die sisteembenadering speel boodskappe as sodanig dan ook geen prominente rol meer nie. Fisher (1978b) is hieroor uitgesproke "... the usefulness of a message concept, particularly within a systems approach to communication, is highly limited and probably insignificant."

Beklemtoning van groep in plaas van individu

Met die konsep van holisme plaas die sisteembenadering die klem op al die elemente van die sisteem en is dit 'n beduidende koersverandering van die neiging in die verlede om die betrokkenes in 'n sosiale sisteem as die som van die individue wat kommunikeer te beskou. Gewoonlik is daarop gekonsentreer om die verskille tussen die individue uit te wys terwyl die integratiewe faktore wat kenmerkend is van 'n sosiale verhouding, wat as 'n eenheid funksioneer, minder aandag gekry het (Fisher, 1982). Verhoudings is bestudeer vanuit die gesigshoek van die individu en is sodanige perspektief inderdaad nie verskillend van die in die Sosiale Sielkunde nie.

In die sisteembenadering kom kommunikasie tot sy reg as 'n sosiale proses en word die individuele bydraes van die kommunikerende partye deel van die totale kommunikasiegebeure. Navorsing volgens die sisteemperspektief kyk nie eerstens na mense wat kommunikeer nie maar vra wat gebeur *tussen* mense wanneer hulle kommunikeer. 'n Individu kommunikeer dus nie maar word deel van kommunikasie. Hierdie beskouing sluit nou aan by die transaksionele perspektief wat ook beklemtoon dat die minimum voorwaarde vir kommunikasie twee mense is wat bewustelik kontak maak met mekaar (Groenewald, 1979).

Reëls in plaas van aksiomas

In die Kommunikasiekunde is daar veral sedert die laat sestigerjare, onder leiding van die positivisme soos beliggaam in die oorlopende wetmatigheid (Monge: 1973), gepoog om universele verhoudings te vind om die kommunikasieverskynsel te verklaar. Hierdie beskouing is in stryd met die konsep van kommunikasie as 'n proses van evolusio-

nêre verandering. Om vir aspekte soos tyd, proses en verandering voorsiening te maak is al hoe meer aandag aan reëls as normatiewe riglyne vir kommunikasiehandelinge gegee. "Unlike a law that stipulates a universal relationship (given specified conditions) between two or more terms, a rule implies no such relationship between the terms (in this case behaviours). The rule stipulates only that a regularity or pattern exists as the behaviors occur but not that one behavior acts upon another" (Fisher, 1982:210).

Geïnterpreteerde in plaas van toegeskrewe betekenis

Betekenis is een van die komplekse konsepte in die Kommunikasiekunde en ook een waarvoor baie en uiteenlopende menings bestaan. In baie gevalle word betekenis beskou as die produk van individuele persepsie en die toeskryf van betekenis aan 'n objek is 'n aanduiding van hoe daar teenoor omgewingsstimuli gereageer moet word. In 'n sosiale sisteem word betekenis gekonstitueer of kom dit tot stand *tussen* diegene wat kommunikeer. Hieruit volg dit dat wanneer die fokus van individue verskuif na kommunikasiehandelinge, soos in die sisteembenadering, die konsep betekenis ook verander. Betekenis word nou die wyse van interpretasie en nie iets wat toegeskryf word om handelinge te rig nie. Betekenis word dus gevind in die opeenvolging van al die kommunikasiehandelinge wat die betrokkenes uitvoer en dit word eers duidelik wanneer die handelinge voltooi is (Fisher, 1978a). Betekenis is ook slegs interpreteerbaar wanneer die besondere kommunikasiehandeling in die konteks van ander handelinge geplaas word. Betekenis van objekte kan toegeskryf word maar betekenis van gebeure kan alleenlik retrospektief geïnterpreteer word (Fisher, 1982). Die sisteembenadering maak hierdie retrospektiewe interpretasie moontlik in teenstelling met die prospektiewe toeskrywing van ander teoretiese perspektiewe.

Hierdie was slegs enkele van die belangrikste implikasies vir kommunikasieavorsing. Aspekte soos die aard van die vrae wat beantwoord moet word in navorsing, die kwessie van kontrole, kommunikasiagedrag en evolusionêre veranderinge in teenstelling met strukture,

is uiteraard ook van belang (Fisher, 1978b, 1982).

Samevatting

Ofskoon die sisteembenadering ook bepaalde leemtes het (waaraan hier nie aandag gegee is nie) is dit een van die belowendste perspektiewe om groter duidelikheid oor die kommunikasieverskynsel teweeg te bring. In heelparty opsigte impliseer die gebruik van hierdie benadering 'n wegbeweeg van die tradisionele kommunikasieteorieë en moet die navorsingsmetodes aangepas word om die unieke entiteite van die sisteembenadering na vore te bring.

In die woorde van Weick (Fisher, 1978b:105) gaan hierdie benadering van kommunikasie oor: "About inductions rather than deductions, about likelihoods rather than certainties, about contingencies rather than necessities, about plausible explanations rather than proofs, about exceptions rather than uniformities, about invention rather discovery, and about the pragmatically sensible rather than the strictly logical."

Verwysings

- Bornmann, E.G. 1980 *Communication Theory*, New York, Holt, Rinehart and Winston.
- Cavallo, R. 1979 *The Role of Systems Methodology in Social Science Research*, Boston, Martinus Nijhoff.
- Farace, R.V. Monge, P.R., Russell, H.M. 1977 *Communicating and Organizing*, Reading, Addison-Wesley.
- Fisher, B.A. 1978 Communication Study in System Perspective, In: Ruben, B.D., Kim, J.Y. (eds.) *General System Theory and Human Communication*, Rochell Park, Hayden, pp. 192-204.
- Fisher, B.A., Glover, T.W., Ellis, D.G. 1977 The Nature of Complex Communication Systems, *Communication Monographs*, 44, 231-240.
- Fisher, B.A. 1978a *Perspectives on Human Communications*, New York, Macmillan.
- Fisher, B.A. 1978b Information Systems Theory and Research: An Overview. In: Ruben, B.D. (ed.) *Communication Yearbook 2*, New Brunswick, Transaction Books, pp. 81-108.
- Fisher, B.A. 1982 The Pragmatic Perspective of Human Communication: A View from Sys-

- tem Theory. In Dance, F.E.H. (ed.) *Human Communication Theory*, New York, Harper and Row, pp. 192-219.
- Glaser, S., Halliday, M.I. 1980 Organizations as Systems. *Human Relations*, 12, 917-928.
- Groenewald, H.J. 1979 *Ontmoeting in interpersoonlike kommunikasie met toespitsing op interkulturele kommunikasie*, Bloemfontein, U.O.V.S., Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif.
- Hall, A.D., Fagan, R.E. 1975 Definition of System: In: Ruben, B.D., Kim, J.Y. (eds.) *General System Theory and Human Communication*, Rochelle Park, Hayden, pp. 52-65.
- Jansen, N. 1978 Funkisionalisme en massakommunikasie: 'n sinvolle verbintenis? *Communicatio*, 4, 3-17.
- Kriek, D.J. 1976 Enkele gedagtes oor die epistemologiese grondslae van die stelselbenadering en -teorie in die sosiale wetenskappe, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 16, 26-38.
- Krippendorff, K. 1975 The Systems Approach to Communication. In: Ruben, B.D., Kim, J.Y. (eds.) *General Systems Theory and Human Communications*, Rochell Park, Hayden, pp. 138-163.
- Littlejohn, S.W. 1978. *Theories of Human Communication*, Columbus, C.E. Merrill.
- Miller, G.R. 1978 The Current Studies of Theory and Research in Interpersonal Communication, *Human Communication Research*, 4, 164-178.
- Monge, P.R. 1973 Theory Construction in the Study of Communication: The System Paradigm, *The Journal of Communication*, 23, 5-16.
- Monge, P.R. 1977 The Systems Perspective as a Theoretical Basis for the Study of human Communication, *Communication Quarterly*, 25, 19-29.
- Monge, P.R. 1982 Systems Theory and Research in the Study of Organizational Communication: The Correspondence Problem, *Human Communication Research*, 8, 245-261.
- Mortensen, C.D. 1972 *Communication: the study of human interaction*, New York, McGraw-Hill.
- Pearce, W.B., Cronen, V.E., Harris, L.M. 1982 Methodological Considerations in Building Human Communication Theory. In: Dance, F.E.H. (ed.) *Human Communication Theory*, New York, Harper & Row, pp. 1-41.
- Penman, R. 1980 *Communication Processes and Relationships*, London, Academic Press.
- Steyn, A.F. 1984 Buckley: die moderne oop-sisteembenadering, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, 15, 5-16.
- Von Bertalanfy, L. 1973, *General System Theory*, Harmondsworth, Penguin.
- Von Bertalanfy, L. 1975 General System Theory. In: Ruben, B.D. Kim, J.Y. (eds.) *General System Theory and Human Communication*, Rochelle Park, Hayden, pp. 6-20.
- Watzlawick, P., Beavin, J.H., Jackson, D.D. 1967 *Pragmatics of Human Communication*, New York, Norton.